ELDIE nuus news

ELDORAIGNE
AFTREELANDGOED · RETIREMENT ESTATE
September 2024 (92)

# KERMIS 2024

Op Saterdag 31 Augustus 2024 van 09h00-13h00 hou Eldoraigne Aftreelandgoed weer kermis! Na die sukses van 2023, glo ons hierdie jaar gaan dit nog beter wees.

Maak seker jy is Saterdag hier en bring sommer jou kinders, kleinkinders, ander aangetroude familie en vriende saam. Die feestelikheid sal weer plaasvind in die braai-area, onder die motorafdakke langs die saal, in die saal self, die sitkamer en die eetsaal. Daar sal meer as 50 tafels beskikbaar wees met 'n wye verskeidenheid van ware wat aangebied word deur uitstallers/verkopers (inwoners) en ook verskeie uitstallers van buite.

Eetgoed soos Kerrie-en-rys, heerlike poedings, 'n gebak-tafel, jaffles, pannekoek, teetuin en vele ander lekker eetgoed. Kom koop gerus en maak jou yskas/vrieskas vol vir die daaropvolgende weke. Handwerk soos skilderye, juwele, uitsonderlike plante, naaldwerk en BAIE kinderspeelgoed sal beskikbaar wees.
Inwoners word uitgenooi om 'n tafel of afdak te bespreek en te betaal by Ontvangs teen R100/R150 per tafel. Navrae Johan du Preez (3192)

## DANKIE-Sệ STAP

Vind plaas om 10h30 vir 11h00 vanaf die stoepie buite die hoofingang, rondom die dienssentrum. Alle inwoners word uitgenooi (met rolstoele en walkers) en die Sorgsentrum-inwoners sal ook deelneem.
Navrae: Organiseerder Magdel 1223 en Louise (LaVie)

## NUWE INTREKKERS

U word hartlik verwelkom deur die HEV hier by ons pragtige Landgoed. Alle riglyne en prosedures is vervat in die Leefstylgids, maar alle navrae kan ook by Ontvangs gedoen word Daar is ook 'n 32-bladsye A5 boekie (Neutedop) beskikbaar by blokleiers tov praktiese aangeleenthede wat nie in die huidige Leefstylgids is nie.

40 Ingrid du Toit
263 Roelof de Necker
1236 Marie Lotter
1215 Hans en Carien Wilbers (vanaf 1132
65 Izak en Gesina Powell (vanaf 1323

## STERFTES

Die HEV maak met leedwese die sterftes bekend van:

1307 Japie Pfister 5 Julie
1210 Astrid Gainsford 29 Julie

Inwoners, wees dankbaar vir geleende tyd saam met u kinders en kleinkinders en ander familie.

Dink met dankbaarheid aan die herinneringe wat saam bymekaar gemaak is.

## 29 Augustus 2024. AJV EN SAV

1. Let wel: Daar sal **TWEE** vergaderings plaasvind op 29 Augustus
2. **Vergadering 1** is die gewone Algemene Jaarvergadering (**AJV**) wat plaasvind om **14h00** waartydens die finansiële state voorgelệ word en ook nuwe direkteure verkies word.
3. **Vergadering 2** is die Spesiale Algemene Vergadering **(SAV**)wat direk daarna plaasvind om **15h00** en handel oor die wysiging van die Akte van Oprigting (AvO). Hierdie vergadering sal handel oor die moontlike WYSIGING VAN DIE HEFFINGSKEDULE wat dan sekere vaste kostes insluit, en indien 75% daarvoor stem, sal die gewysigde heffings dus goedgekeur word. Bestudeer jou dokumente deeglik voor die vergadering.
4. By die **woonstelle** sal dit veroorsaak dat 1-slaapkamerwoonstelle se maandelikse heffing **verhoog** met R546.32 per maand, en 2-slaapkamerwoonstelle se heffing verhoog met R304.93.
5. By die **huise** sal die maandelikse heffing **verminder** met bedrae wat wissel van tussen R408 tot R737.47, afhangende van die vloeroppervlakte.
6. Dit is 'n belangrike vergadering en eienaars van eenhede word versoek om dit by te woon. Indien u eenheid op u kinders se naam geregistreer is en hulle nie kan bywoon nie, moet hulle asb volmagvorms teken sodat u kan bywoon en stem.(2 vorms=1 per vergadering) Bring jou Id boekie of-kaart saam.(Red)

## BLOKLEIER RIGLYNE

Soos per Eldoraigne Aftreelandgoed Leefstylgids bladsy 23 par 4.2.6 word blokleiers by die huise en woonstelle aangestel. Hierdie name word ook in die kantoor geregistreer, alhoewel die blokleiers op vrywillige basis funksioneer.Tydens 2016 het die betrokke direkteur van die portefeulje Sosiaal en Maatskaplik en Kommunikasie sekere riglyne saamgestel om hierdie blokleiers behulpsaam te wees.( Sien bl 3)
Die koördineerders van die blokleiers is soos volg: Huise: Willis Parker (3030) Woonstelle: Ina Niemann 1021

1.**Om te help met kommunikasie in die Landgoed,** bv:
- Help met verspreiding van maandelikse nuusbrief
- Skakel in met nuusbriefredaksie om nuusbrief lewendig en aktueel te hou deur verskaffing van foto's, artikels en voorstelle.
- om die kantoor in kennis te stel van Lief en Leed in hulle blokke, soos spesiale gebeurtenisse, uitsonderlike prestasies ens.

2.**Opdatering van databasis**
- Versamel van inligting rakende inwoners in die blok, veral huurders wat voortdurend wissel.Volgens die POPI wet is inwoners egter nie verplig om persoonlike inligting aan die blokleier bekend te maak nie.
- Om nuwe intrekkers te ontmoet en hul persoonlike inligting en belangstellings te kry om die databasis op te dateer gedurende Febr en Augustus

3.**Verspreiding van inligting aan inwoners in die blok**
- Om inwoners te help met verstaan van inligting in Leefstylgids
- Om inwoners te adviseer rakende die korrekte prosedures vir aanmelding van klagtes by die Algemene Bestuurder

**4.Fasilitering van sosiale interaksie**
- Bevorder kommunikasie tussen inwoners in die blok.
- Fasiliteer blokbraaie en ander saamkuier geleenthede in die blok en met ander blokke aangaande idees, behoeftes en belange.

**5.Sosiale interaksie in die Landgoed**.
- Bevorder sosiale interaksie met ander inwoners in die landgoed.
- Moedig inwoners aan om deel te neem aan al die aktiwiteite en om funksies by te woon.
- Lệ kreatiewe idees en voorstelle voor aan die Sosiale komitee

**6.Ander take**
- Gee ondersteuning aan inwoners tydens 'n noodsituasie
- Help met werwing van blokleiers in vakante blokke.
- Gee pastorale behoeftes skriftelik deur aan die Algemene Bestuurder.
- Bring erge mediese behoeftes wat evaluering vereis, skriftelik onder die aandag van die Algemene Bestuurder.

## IN GESPREK… (41) Drie sussies woon tesame

‘n Heuglike familie-saamwoon: Wilma, Drienie en Annetjie woon nou saam op Eldoraigne Aftreelandgoed!

**Wilma vd Berg** is gebore op 8 Junie 1953 in Pretoria van Pa Jan Murray en Ma Drien Murray. Sy bring haar Laerskooldae deur aan Eben Swemmer en Hoërskooldae by Wonderboom Hoër tot St 7, en daarna tot matriek by Silverton Hoër. Sy het deelgeneem aan atletiek en netbal en was ook op die Leerlingraad.
Haar naskoolse opleiding by die “Association for Office Proffesionals” besorg haar sertifikate as “Certified Administrative Profession and Essential finance for Office Professionals”.
Wilma se loopbaan by Bidvest as Divisional Company Secretary; by V&V Consulting Engineers as Algemene Kantoorbestuurder; by die SA Spoorweë as senior sekretaresse en by die poskantoor as datatikster, berei haar goed voor vir haar huidige posisie as voorsitter van die HEV. Sy tree af in 2016 waarna sy en haar man Michael, op ons Landgoed intrek in een van die huise. As afgetredene spits sy haar toe op haar stokperdjies wat hekel, brei en mosaïekwerk insluit. Sy is sedert 27 Julie 2017 ’n direkteur op die HEV en tans voorsitter daarvan.

**Drienie Crous**, gebore 11 April 1943 te Middelburg, was op Laerskool Eloffsdal en Hoërskool Hendrik Verwoerd. Sy neem deel aan korfbal, swem en hokkie  en werk na skool vir 36 jaar by Departement van Gesondheid en 15 jaar by Volkswelsyn en Pensioene, waarna sy aftree in 1994. Haar eggenoot, Cas, is oorlede in 1983 en Drienie spits haar toe op hekel, brei en blokkiesraaisels en sy trek Maart 2021 in op ons Landgoed in ‘n woonstel.

**Annatjie Wood** is gebore op 13 Mei 1940 te Stofberg en woon ook Laerskool Eloffsdal en Hoërskool Hendrik Verwoerd by, waar sy dan ook deelneem aan hokkie en korfbal. Na skool bekwaam sy haar as Sekretaresse aan Pretoria Technikon. Nadat sy 25 jaar by Dept Statistiek gewerk het as senior administratiewe beampte, kry sy ‘n kontrak van 24 maande om die stelsel tussen Statistieke en SARS in werking te stel. Daarna kry sy ‘n kontrak by Buro van Standaarde om ‘n geregistreerde boukontrakteur-databasis daar te stel. Sy tree af in 2005 en hou haar besig met brei en naaldwerk. Annatjie trek op die Landgoed in op 8 Maart 2024 en is tans in die Sorgsentrum.



**KERMIS**

**Hope en hope kinderspeelgoed** word in die sitkamer aangebied teen **spotgoedkoop pryse**.

Opgestopte diere en poppe, legkaarte vir kinders, en baie ander speelgoed.

Doen jou kersinkope vroeg. Kom koop solank vir al jou kleinkinders en agter-kleinkinders



**Lyndans** klasse word nou aangebied in die saal op Maandae vanaf 15h00 tot 16h00 deur Johanna Henning van 1312. Ongeveer 25 mense het hierdie eerste klas bygewoon en hulle gate uit geniet! Kom sluit gerus aan en word fiks op 'n prettige manier.





**Springvale Primary school choir** entertained the residents on the 19th July



**’n FAK-liedjie oggend is aangebied op 25 Julie**



## TUINSAKE

**CLIVIAS**: Jou clivias behoort nou op hulle mooiste te blom. Onthou om uit te kyk vir die aaklige wurms wat jou clivias (en amarillas) opvreet. Spuit Sipermetrien aan die begin van September. Voed jou gras nou met 7:1:3

## SENIOR KASKENADES: SPORE OP DIE WATER

Sit die manne van die voorwệreld op die sandjie daar by Jan-se-Gat, staan/ sit en visvang. Bloukurpers, mooies; en babers. Klouter die babers elke dan en wan uit die mandjie, dan gryp Jan-se-Gat se Jan-se-Veghond hulle en maak seker hulle sal nie weer nie.

Verkas die manne vir 'n versnaperinkie en die hond besluit hy bly want hy is die amptelike baber-oppasser. Kort voor lank hoor Jan en sy vrinne die hond gee 'n benoude tjankie en toe's dit doodstil. En Jan weet sommer. Dis krokodilwater en nou's daar moeilikheid, want hierdie hond van hom is ekstra spesiaal.

'n Week gaan verby en platbek maak weer verskyning. Jan besluit 'n ding wat honde vang, veral 'n spesiale hond soos syne was, sal mense ook vang. Hy kry sy .223 en klits hom. Die gesin het nader gestaan en verwonder hulle aan hierdie grote ding wat so roerloos dood in die water lệ.



(vervolg op bl 9)

(vervolg van bl 8)

Jan sệ hy gaan hom uithaal. Vroulief sệ vra buurman om te kom help. Jan sệ ek doen dit self. Vroulief sệ wys my hoe werk die geweer. Jan sệ jy los hom uit; jy sal my verseker doodskiet en nog loskom ook! (Sy is magistraat op die dorp). Dogter sệ, Ma los vir Pa hy weet wat hy doen. Jan vat die kano en roei tot daar. Hy wil ski-tou dubbeld om die krokodil se lyf vasmaak en hom met die 4x4 uitsleep. Wat hy nou mooi hand-om-die-lyf met die ding staan, om die tou om sy middel te kan vasmaak, hap die krokodil na hom. Maar met mening. Lyk of hy maar net daar gelệ en gesond word het.

Jan is in die water en hy voel soos 'n vis op droë grond. Die krokodil is soos 'n krokodil in die water: tuisveld! Nou gebeur alles blitsvinnig. Jan staan in water tot by sy sleutelbeen, sy linkerarm nog onder die krokodil deur en hy hou die anderkantste voorpoot vas. Jan steek die krokodil op die rug met sy mes, maar dis so goed hy probeer 'n gat deur staal steek. En die krokodil hap na hom. Omdat hy self aan die krokodil vashou, draai hy saam soos die ding draai om te hap. Hy steek hom weer, maar hierdie keer in die sy en hy voel die warm bloed oor sy hand uit pols. Dan is dit asof die krokodil skielik kalmeer.

Jan van Jan-se-Gat lig homself uit daardie gat soos 'n dolfyn uit die water, en soos 'n bleshoender trap hy spore op die water, kant toe. Snaaks nệ! En as jy geweet het die ding is veertien voet lank en weeg 279 kg, sou jy nie ook diep spore op die water getrap het nie?

Jan het die ding uitgesleep. Die dubbele ski-tou het gebreek; vier-dubbeld het die ding gedoen. En die volgende oggend lệ daar net so 'n knewel langs die dooie op die sand, maar toe hy Jan sien, gee hy pad want Jan staan darem self 1,97m in sy sokkies.

Maar dis Sondagoggend en hulle staan en kyk na die krokodil; en toe tree skok in. Toe bewe Jan oor sy hele liggaam. Magtag! As jy darem dink wat kón gebeur het…!
Soek jy bevestiging? Op die balke in die restaurant by Jan-se-Gat lệ daar 'n knewel van 'n krokodil met sy oop bek. Dis die nimlike hy!

(Deur Johan K-met erkenning aan Tom Ackermann,
rus sag, ou maat…)







**For Sale**

1 Bed Apartment R960,000

1 Bed Apartment R950,000

2 Bed Apartment R1,400,000

2 Bed Apartment R1,350,000

2 Bed Apartment R1,295,000


**To Let**

1 Bed Apartment R8000 pm











Registered with the PPRA


















**HELLO SPRING!**

**May this Season be filled with many Beautiful Memories!**



**Don't forget to**

**CONTACT ME TODAY**

The Agent ***#JustRight*** for **YOU**

**for all your property needs**





***Tel: 076 648 3238***

***In House No 3068***


Gratis
Basiese gehoortoets en afslag tot en met
R6000 op gehoorapparate!
Slegs geldig vir die inwoners van Eldoraigne aftree landgoed
Skakel ons vir jou afspraak
012 111 7272
www.centurionaudiologidst.co.za
info@centurionaudiologist.co.za
Engelmed, 44 Alexandra Rd, Doringkloof, Irene
AdvancedHearing
Lezahn Louw Audiology


HAPPY SPRING!
CSi
Trustworthy Property Solutions
Properties FOR SALE
Ruan Erasmus
071 481 6199
- 2 Bedroom, 1 Bathroom Apartment - R1350 000
- 3 Bedroom, 2 Bathroom Simplex - R2850 000
- 1 Bedroom, 1 Bathroom Apartment - R950 000
Properties FOR RENT
Stella Cloete
072 459 2230
- 1 Bed, 1 Bath Apartments from only R7600pm
- 2 Bed, 1 Bath Apartments from only R8600pm
- 2 Bed, 1 Bath Simplexes from only R11 000pm
011 805 6316
www.csi-euf.co.za


SkitterBlink
CLEANING SERVICES
Wierdapark
ANSIE VLOK
Franchise Owner
082 925 3250
wierdapark@skitterblink.co.za
Domestic Cleaning
Window & Solar Cleaning
Builders Cleaning
Disinfection & Decontamination
Carpet, Upholstery & Mattress Cleaning